MOSSEL BAY GOLF ESTATE
HOME OWNERS ASSOCIATION

Association incorporated under section 21 of the Companies Act 1973 (as amended)

P.O. Box 567 • MOSSEL BAY 6500 • Western Cape • South Africa • Tel: 044 691 3054 • Fax: 044 691 1520
E-Mail: status2@status-mark.co.za • Website: www.mosselbaygolfestate.co.za

REëLS : EIENDOMSAGENTE : MOSSELBAAI GHOLF LANDGOED

1. Eiendomsagente kan op die voorgeskrewe wyse met Status-Mark, Meyerstraat 11, Mosselbaai reël vir ‘n sel tot hek funksie.

2. Agente se voertuie moet weerskante duidelik leesbaar met die agentskap se naam en kontaknommer gemerk wees.

3. Eiendomsagentborde/vlae/ tekens mag slegs gedurende skoutyd, op die dag wat skou gehou word, op die te koop eiendom geplaas word.

4. Borde/Vlae/Tekens mag slegs met aanvang van die skou geplaas en moet na verstryking van die skou verwyder word.

5. Geen te huur/te koop/ verkoop borde/tekens mag in vensters/stoepe/ens. van verkoopte eiendom geplaas word nie.

6. Agente mag nie op die Landgoed rondry/rondloop om almanakke, pamflette of besigheidskaartjies by huise uit te deel nie of enige advertensiewerk doen nie.

7. Agente mag slegs voornemende kopers op die Landgoed bring om ‘n te koop eiendom te besigtig en is dan verantwoordelik vir daardie voornemende kopers se gedrag vir die duur van hulle besoek aan die Landgoed.

8. Agente mag nie hulle familie/vriende op die Landgoed neem vir besigtigingstoere nie.

9. Agente wat verhurings doen, moet die voorgeskrewe wyse by Status-Mark volg ten opsigte van reëls. Dit is baie belangrik en noodsaaklik dat elke huurder ‘n stel reëls ontvang en daarvoor teken.

10. Eienaars se toegangskaarte mag nie deur agente gebruik word of aan huurders/skoonmakers/ens. oorhandig word nie. Dit is nie oordraagbaar nie. Huurders mag slegs van sel tot hek funksie gebruik maak en dit moet met Status-Mark gereël word. Nuwe eienaars moet reël vir nuwe kaarte en vorige eienaars se kaarte moet by Status Mark ingehandig word vir kansellasie. Werkers moet met die Landgoedbestuurder reël vir toegangskaarte.

11. Eienaars/Huurders mag slegs een troetelduur per erf aanhou (honde moet ‘n klein tipe hond, nie swaarder as 15kg wees nie. Skriftelike goedkeuring van die Direksie word benodig om ‘n troeteldier op die Landgoed aan te hou. Nodige aansoekvorms is by Status-Mark beskikbaar.

12. Agente het geen reg om toegewings van reëls of verwagtinge daarvan by voornemende kopers/huurders te wek nie. Slegs die Direksie van die Huiseienaarsvereniging kan oorweging op skriftelike versoeke, via Status-Mark, daaraan gee.

13. Agente wie enige van hierdie reëls verontagsaam se sel tot hek funksie kan gekanselleer word en daardie agente sal nie weer op die Landgoed toegelaat word nie.

Handtekening.....Datum.....Plek.....